# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Tuesday 15 December 1981 — WINDHOEK — Dinsdag 15 Desember 1981 — No. 4564

CONTENTS:

| | Page |
|---|---|
| **GOVERNMENT NOTICES** | |
| No. AG. 157 Aliens Act, 1937: Change of Surname: Senekal to Berning | 1 |
| No. AG. 158 Notification of a Request for the Amendment of Classification of a District Road to a Farm Road: District of Windhoek | 2 |
| No. R.2225 Amendment of the Examination Regulations for Masters and Navigating Officers, 1975 | 2 |
| No. R.2226 Amendment of the Certificate of Qualification Regulations, 1976. | 3 |
| ADVERTISEMENTS: | 4 |

INHOUD:

| | Bladsy |
|---|---|
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | |
| No. AG. 157 Wet op Vreemdelinge, 1937: Vansverandering: Senekal na Berning | 1 |
| No. AG. 158 Bekendmaking van 'n Versoek vir die Wysiging van Klassifikasie van 'n Distriks pad tot 'n Plaaspad: Distrik Windhoek | 2 |
| No. R.2225 Wysiging van die Eksamenregulasies vir Gesagvoerder en Navigasie-offisiere, 1975 | 2 |
| No. R.2226 Wysiging van die Regulasies betreffende Bevoegdheidsertifikate, 1976 | 3 |
| ADVERTENSIES: | 4 |

## Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 157 — 1981

### ALIENS ACT, 1937: CHANGE OF SURNAME: SENEKAL TO BERNING

In terms of section 9(1) of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), it is hereby made known that the Administrator-General has under the said section authorized JOHN FREDERICK SENEKAL residing at 3 Dünen Street, SWAKOPMUND, to assume the surname BERNING.

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 157 — 1981

### WET OP VREEMDELINGE, 1937 : VANSVERANDERING : SENEKAL NA BERNING

Ingevolge artikel 9(1) van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal JOHN FREDERICK SENEKAL woonagtig te Dünenstraat 3, SWAKOPMUND, kragtens genoemde artikel veroorloof het om die van BERNING aan te neem.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 158 1981

### NOTIFICATION OF A REQUEST FOR THE AMENDMENT OF CLASSIFICATION OF A DISTRICT ROAD TO A FARM ROAD : DISTRICT OF WINDHOEK

Under and by virtue of the provisions of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972, (Ordinance 17 of 1972), as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Windhoek requests that portion of district road 1248 which is described in the Schedule, to be reclassified as a farm road.

A sketch-map (number P1110) of the area concerned, on which the road to which the request refers, and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Windhoek during normal office hours.

Every person having any objection to the abovementioned request is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically stated therein, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication hereof.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1110) on district road 1319 on the farm Veronica 90 generally east-north-eastwards across the farms Veronica 90 and Daberos 206 to a point (B on sketch-map P1110) on main road 48 on the farm Daberos 206.

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 158 1981

### BEKENDMAKING VAN 'N VERSOEK VIR DIE WYSIGING VAN KLASSIFIKASIE VAN 'N DISTRIKSPAD TOT 'N PLAASPAD : DISTRIK WINDHOEK

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), soos gewysig, word hiermee bekend gemaak dat die Padraad van Windhoek versoek dat daardie gedeelte van distrikspad 1248 wat in die Bylae beskryf word, herklassifiseer word tot 'n plaaspad.

'n Sketskaart (nommer P1110) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Windhoek ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Vanaf 'n punt (A op sketskaart P1110) op distrikspad 1319 op die plaas Veronica 90 algemeen oos-noordooswaarts oor die plase Veronica 90 en Daberos 206 tot op 'n punt (B op sketskaart P1110) op grootpad 48 op die plaas Daberos 206.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R. 2225 23 October 1981

### AMENDMENT OF THE EXAMINATION REGULATIONS FOR MASTERS AND NAVIGATING OFFICERS, 1975

The Minister of Transport Affairs has, in terms of section 356 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), made the regulations in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule, unless the context otherwise indicates, the expression "the Regulations" means the Examination Regulations for Masters and Navigating Officers, 1975, promulgated by Government Notice R. 2041 of 31 October 1975, as amended by Government Notices R. 2038 of 7 October 1977, R. 2719 of 7 December 1979, R. 704 of 11 April 1980 and R. 2090 of 17 October 1980.

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 2225 23 Oktober 1981

### WYSIGING VAN DIE EKSAMENREGULASIES VIR GESAGVOERDERS EN NAVIGASIE-OFFISIERE, 1975

Die Minister van Vervoerwese het kragtens artikel 356 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), die regulasies in die Bylae hiervan uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, beteken die uitdrukking "die Regulasies" die Eksamenregulasies vir Gesagvoerders en Navigasieoffisiere, 1975, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2041 van 31 Oktober 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 2038 van 7 Oktober 1977, R. 2719 van 7 Desember 1979, R. 704 van 11 April 1980 en R. 2090 van 17 Oktober 1980.

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 17 of the Regulations:

"17. The candidate shall be not less than 21 years of age and shall have at least the following service:

(a) One year in a capacity not lower than that of Second Navigating Officer in charge of a watch of a ship making long or short voyages; or

(b) one and a half years in a capacity not lower than that of Third Navigating Officer in charge of a watch of a ship making long or short voyages;

whilst holding a valid certificate of competency not lower than that of Navigating Officer (Coasting).".

3. Regulation 26 of the Regulations is hereby amended by the insertion of the words "or in different capacities" after the word "voyages" where it appears in the third line.

4. The Regulations are hereby amended by the substitution for the word "Secretary" wherever it occurs of "Director-General."

2. Regulasie 17 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"17. Die kandidaat moet minstens 21 jaar oud wees en minstens die volgende diens agter die rug hê:

(a) Een jaar in 'n hoedanigheid wat nie laer is nie as dié van Tweede Navigasie-offisier in bevel van 'n wag op 'n skip wat lang of kort seereise aflê; of

(b) een en 'n half jaar in 'n hoedanigheid wat nie laer is nie as dié van Derde Navigasie-offisier in bevel van 'n wag op 'n skip wat lang of kort seereise aflê;

terwyl hy in besit was van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat nie laer nie as dié van Navigasie-offisier (Kusvaart).".

3. Regulasie 26 van die Regulasies word hierby gewysig deur die invoeging van die woorde "of in verskillende hoedanighede" na die woord "onderneem" waar dit in die derde reël voorkom.

4. Die Regulasies word hierby gewysig deur die woord "Sekretaris" oral waar dit voorkom deur "Direkteur-generaal" te vervang.

---

No. R. 2226 23 October 1981

## AMENDMENT OF THE CERTIFICATES OF QUALIFICATION REGULATIONS, 1976

The Minister of Transport Affairs has, in terms of section 356 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), made the regulations in the Schedule hereto.

### SCHEDULE

1. In this Schedule, unless the context otherwise indicates, the expression "the Regulations" means the Certificates of Qualification Regulations, 1976, promulgated by Government Notice R. 80 of 16 January 1976, as amended by Government Notices R. 108 of 26 January 1979 and R. 1411 of 11 July 1980.

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 19 of the Regulations:

"19. Any seaman who—

(a) has attained the age of 18 years; and

(b) (i) has performed 12 months of qualifying service of which at least three months shall have been spent in ships (other than fishing, sealing or shore-based whaling boats) of 100 gross tons or more; or

(ii) is in possession of a Senior Certificate or equivalent certificate and has performed at least nine months of qualifying service in a capacity as deck cadet on ships (other than fishing, sealing or shore-based whaling boats) of 100 gross tons or more; and

(c) produces steering certificates for the minimum period of 10 hours in accordance with the provisions of regulation 13,

may, notwithstanding the provisions of regulation 18 (1), be admitted to the qualifying examination for a certificate as an able seaman and, if successful therein, shall be issued with a pass certificate in accordance with the provisions of regulation 21 (4).".

3. The Regulations are hereby amended by the substitution for the word "Secretary" wherever it occurs of the word "Director-General".

No. R. 2226 23 Oktober 1981

## WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE, 1976

Die Minister van Vervoerwese het kragtens artikel 356 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), die regulasies in die Bylae hiervan uitgevaardig.

### BYLAE

1. In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, beteken die uitdrukking "die Regulasies" die Regulasies betreffende Bevoegdheidsertifikate, 1976, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 80 van 16 Januarie 1976, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 108 van 26 Januarie 1979 en R. 1411 van 11 Julie 1980.

2. Regulasie 19 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"19. Enige seeman wat—

(a) die ouderdom van 18 jaar bereik het; en

(b) (i) kwalifiserende diens 12 maande lank verrig het, waarvan minstens drie maande bestee is in skepe (uitgesonderd vissersbote, robbevaarders of walvisvaarders met landbasis) van 100 bruto ton of meer; of

(ii) in besit is van 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige sertifikaat en minstens nege maande lank kwalifiserende diens verrig het in 'n hoedanigheid van dekkadet in skepe (uitgesonderd vissersbote, robbevaarders of walvisvaarders met landbasis) van 100 bruto ton of meer; en

(c) stuursertifikate vir 'n minimum tydperk van 10 uur ooreenkomstig die bepalings van regulasie 13 voorlê,

kan, ondanks die bepalings van regulasie 18 (1), toegelaat word tot die kwalifiserende eksamen vir 'n sertifikaat as volle seeman, en indien hy daarin slaag, word 'n slaagsertifikaat ooreenkomstig die bepalings van regulasie 21 (4) aan hom uitgereik.".

3. Die Regulasies word hierby gewysig deur die woord "Sekretaris" oral waar dit voorkom deur "Direkteur-generaal" te vervang.

# Advertisements

## ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements is published on every Friday of each month; if those days fall on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13200, Windhoek, or be delivered to Room 120, Barlow house Building Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 3 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

4. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for Civic Affairs and Manpower, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

5. The Secretary for Civic Affairs and Manpower reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administrator-General as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

9. The subscription for the *Official Gazette* is R12,50 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from The Suidwes-Drukkery, Limited, P. O. Box 2196, Windhoek, at the price of 30c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

10. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

# Advertensies

## ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat verskyn op elke Vrydag van elke maand; indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die voorafgaande Donderdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13200 Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 12 Barlow Huis Windhoek afgelewer word, nie later nie as 3 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. Die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrateur-generaal ingestel word.

9. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R12,50 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 30c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

10. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

## LIST OF FIXED TARIFF RATES

| *Standardised notices* | *Rate per insertion* R |
|---|---|
| **Transfer of business** | **R3,25** |
| Administration of Estates Acts notices: Forms J. 297 J. 295, J. 193 and J. 187 | 2.00 |
| Business notices | 5.00 |
| Butchers' notices | 5.00 |
| Change of name (four insertions) | 25.00 |
| Deeds: Lost documents | 6.00 |
| Insolvency Act and Company Acts notices: J 28, J 29, Forms 1 to 9 | 4.00 |
| N.B. —Forms 2 and 6 —additional statements according to word count table, added to the basic tariff. | |
| Lost life insurance policies | 2.00 |
| Naturalisation notices (including a reprint for the advertiser) | 2.00 |
| Slum Clearance Court notices, per premises | 4.00 |
| Third party insurance claims for compensation | 2.50 |
| Unclaimed moneys — only in the extraordinary *Official Gazette*, closing date 15 January (per entry of "name, address and amount") | 0.80 |

*Non-standardised notices*

| | |
|---|---|
| Company notices: | |
| Short notices: Meetings, resolutions, offer of compromise, conversion of company, voluntary windings up; closing of transfer or members' registers and/or declaration of dividends | 11.00 |
| Declaration of dividend with profit statements, including notes | 25.00 |
| Long notices: Transfers, changes with respect to shares or capital, redemptions, resolutions, voluntary liquidations | 37.00 |
| Liquidator's and other appointees' notices | 7.00 |
| Liquor Licence notices (in extraordinary *Gazettes*, viz. June/Tvl, November/Cape, January/O.F.S., April/Natal), per bilingual application | 7.00 |
| Orders of the Court: | |
| Provisional and final liquidations or sequestrations | 14.00 |
| Reductions or changes in capital mergers, offer of compromise | 37.00 |
| Judicial managements, *curator bonis* and similar and extensive rules nisi | 37.00 |
| Extension of return date | 4.00 |
| Supersessions and discharge of petitions (J 158) | 4.00 |
| Sales in execution and other public sales: | |
| Sales in execution | 18.00 |
| Public auctions, sales and tenders: | |
| Up to 75 words | 6.00 |
| 76 to 250 words | 15.00 |
| 251 to 350 words | 23.00 |
| Trade marks in South West Africa | 11.00 |

**11. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 10 is at the rate of 56 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).**

12. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. **Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary, Civil Affairs and Manpower.**

## LYS VAN VASTE TARIEWE

| *Gestandaardiseerde kennisgewings* | *Tarief per plasing* R |
|---|---|
| **1. Oordrag van besigheid** | **R3,25** |
| Aktes: Verlore dokumente | 6.00 |
| Besigheidskennisgewings | 5.00 |
| Boedelwettekennisgewings: Vorms J. 297, J. 295, J. 193 en J. 187 | 2.00 |
| Derdeparty-assuransie-eise om skadevergoeding | 2.50 |
| Insolvensiewet- en maatskappywettekennisgewings: J 28, J 29, Vorms 1 to 9 | 4.00 |
| L.W. — Vorms 2 en 6 — bykomstige verklarings volgens woordetal-tabel, toegevoeg tot die basiese tarief. | |
| Naamsverandering (vier plasings) | 25.00 |
| Naturalisasiekennisgewings (insluitende 'n herdruk vir die adverteerder) | 2.00 |
| Onopgeëiste geld — slegs in die buitengewone *Offisiële Koerant*, sluitingsdatum 15 Januarie (per inskrywing van "naam, adres en bedrag") | 0.80 |
| Slagterskennisgewings | 5.00 |
| Slumopruimingshofkennisgewings, per perseel | 4.00 |
| Verlore lewensversekeringspolisse | 2.00 |

***Nie-gestandaardiseerde kennisgewings***

| | |
|---|---|
| Dranklisensie-kennisgewings (in buitengewone *Offisiële koerante*, t.w. Junie/Tvl. November/Kaap, Januarie/O.V.S., April/Natal) per tweetalige aansoek | 7.00 |
| Geregtelike en ander openbare verkope: | |
| Geregtelike verkope | 18.00 |
| Openbare veilings, verkope en tenders: | |
| Tot 75 woorde | 6.00 |
| 76 tot 250 woorde | 15.00 |
| 251 tot 350 woorde | 23.00 |
| Handelsmerke in Suidwes-Afrika | 11.00 |
| Likwidateurs en ander aangesteldes se kennisgewings | 7.00 |
| Maatskappykennisgewings: | |
| Kort kennisgewings: Vergaderings, besluite, aanbod van skikking, omskepping van maatskappy, vrywillige likwidasies, ens.: sluiting van oordrag- of lederegisters en/of verklarings van dividende | 11.00 |
| Verklaring van dividende met profytstate, notas ingesluit | 25.00 |
| Lang kennisgewings: Oordragte, veranderings met betrekking tot aandele of kapitaal, aflossings, besluite, vrywillige likwidasies | 37.00 |
| Orders van die Hof: | |
| Voorlopige en finale likwidasies of sekwestrasies | 14.00 |
| Verlatings of veranderings in kapitaal, samesmeltings, aanbod van skikking | 37.00 |
| Geregtelike besture, *kurator bonis* en soortgelyke en uitgebreide bevele nisi | 37,00 |
| Verlenging van keerdatum | 4,00 |
| Tersydestellings en afwysings van petisies (J 158) | 4,00 |

**11. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 10 genoem word, is teen die tarief van 56 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).**

12. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit **betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris, Burgersake en Mannekrag betaalbaar gemaak word.**

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

Notice is hereby given that application will be made at a Special Sitting of the Licensing Court on 27 January 1982, at Windhoek, for the transfer of the General Dealer Licence held by EBERHARD KURT LUTZE, who traded for his own account under the name and style of THE PAINTSHOP, to ARMIN JOHANNES SANDER, who will trade under the same name and style for his own account and on the same premises situated at 36 Kaiser Street, Erf 146 Windhoek.

Dated at WINDHOEK, this 2nd day of DECEMBER, 1981.

FISHER, QUARMBY & PFEIFER
P.O. Box 37
WINDHOEK

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

Notice is hereby given that application will be made at the Special Sitting of the Licensing Court on 27 January 1982 at Windhoek for the Transfer of the General Dealer and Mineral Water licences held by HANS-JÜRGEN SCHÄFER, who traded for his own account under the name and style of KLEIN WINDHOEK BOTTLE STORE to NEKTAR (PTY) LTD, who will trade under the same name and style for their own account and on the same premises situated at 105 Gobabis Road, Rem. Ext. of Erf 23, Windhoek.

Dated at WINDHOEK this 3rd day of December, 1981.

FISHER, QUARMBY & PFEIFER,
P.O. Box 37
WINDHOEK

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN LISENSIE

Geliewe kennis te neem dat daar by die volgende kwartaallikse sitting van die Handelslisensiehof, Walvisbaai, vir die distrik van Walvisbaai aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Algemene Handelaar (om voedselware uit te sluit), Lisensie, tans gehou deur PAULA VAN NIEKERK wie sake gedoen het onder die naam en styl van FAMILY OUTFITTERS te Erf 219, NARRAVILLE, na EDWARD MICHAEL DU TOIT, wie onder die naam en styl van NARRAVILLE OUTFITTERS op dieselfde erf sal sake doen vir eie rekening.

C. L. DE JAGER & VAN RENSBURG
Prokureurs vir die Applikant
Posbus 224
WALVISBAAI